*Maandag* **5 Mei**

**Skrifgedeelte: Handelinge 21**

**Fokusgedeelte: Handelinge 21:14**

**Eers moet ons hoor, dan moet ons in gehoorsaamheid doen**

Paulus is op pad na Jerusalem waar hy weet hy gevange geneem gaan word ter wille van sy geloof. Hy word versterk deur die gebede van medegelowiges op die strand voor hulle vertrek. Alleen deur gebed kry mens krag om jou roeping ten spyte van lyding te vervul.

Selfs na al die waarskuwings het hy steeds sy reis na Jerusalem voortgesit: *"Ek is bereid om nie net gevange geneem te word nie, maar ook om in Jerusalem te sterf ter wille van die Naam van die Here Jesus"* (vs 13b). So praat iemand wat deur die krag van gebed ondersteun word om sy roeping vreesloos te vervul!

In Sesarea smeek die gelowiges Paulus weer om nie na Jerusalem te gaan nie. Dit is te gevaarlik, maar Paulus weet wat geloof en wat gehoorsaamheid is. Hy is bereid om te sterwe vir die Naam van die Here Jesus. Paulus sal egter ook die kruis kan opneem omdat die Here Jesus reeds eenmaal die kruis gedra het. Ons verstaan God se wil nadat ons gehoorsaam doen wat Hy vra en nie omdat ons gedoen het wat Hy vra nie. Eers moet ons hoor (God se opdrag) en dan in gehoorsaamheid doen sonder dat ons weet wat die gevolge gaan wees. Dit is 'n saak van oopstaan vir die Gees se leiding, van luister en van gehoorsaam wees. "Laat u wil geskied!" Dit sluit ook in dat ek en jy die wil van die Here moet doen.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1*

*Ds. MP Fourie (Emeritus)*